

**Donderdag 21 Desember**

**Skrifgedeelte: Matteus 1:18-25**

**Fokusgedeelte: Matteus 1:21, 23**

**Immanuel – God by ons!**

“Die maagd sal swanger word en ’n Seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom Immanuel noem.” Die naam Jesus beteken “die Here red” of “verlosser”. Die Here verlos sy kinders op verskeie maniere: skenk voedsel aan die hongeres, genees siekes, vertrouos gebrokenes van hart ... Baie het gehoop dat die Messias Israel sou verlos van Romeinse oorheersing.

Gabriël word gestuur om God se eintlike agenda aan te kondig. Christus sou kom om God se volk van hulle sondes te verlos. Sonde is tog die eintlike wortel van alle kwaad, gebrokenheid en ongeluk. Sonde het ook afstand, ja, verwydering tussen God en mens gebring. Die volmaakte harmonie versteur, die kosbare porselein van versoening, vrede en liefde in skerwe laat spat.

Die geboorte van die Here Jesus is die bewys en bevestiging dat God met ons is. Hy is altyd by ons. Nooit kan ons sy teenwoordigheid ontvlug nie (Ps. 139:7-9). Ons kan wel probeer om God te ignoreer, sy bestaan te ontken, Hom te verloën, erger nog, selfs te laster, maar Hy gaan nooit weg nie. Sy soe-wereine heerskappy strek oor sy ganse skepping. Hy is alomteenwoordig.

In ons fokusverse beklemtoon Matteus die feit dat God besluit het om met Jesus se geboorte op ’n nuwe wyse in die geskiedenis van die wêreld in te gryp. Drie keer in Matteus word ons op die hart gedruk dat Jesus –Immanuel– God by ons is! Heel aangrypend! Aan die begin (1:21), in die middel (18:20) en aan die einde (28:19-20) van die eerste evangelie. Wat ’n heerlike troos om te weet dat God altyd by en met ons is!

Wanneer jy eensaam voel, wanneer jy op ’n siekbed lê, as jou hart in stukke wil breek, as jy voel dat die lewe se uitdagings te veel word, as jy bang en verward en moedeloos is ... gryp vas aan die troos ... Immanuel, God is by ons!

Mag ons dit hierdie Kersgety besonder ervaar, deur die wonderlike werk, krag en nabyheid van die Heilige Gees. Ja, selfs nog nader – God in ons!

*Sing: Psalm 34:1*

*Ds. CJ (Innes) Nagel (Louis Trichardt)*